# DIE DORDTSE LEERREELS EN DIE VERBOND

deur Antoine Theron[1]

Die Dordtse Leerreëls maak die volgende uitdruklike uitsprake oor die verbond:

1. Christus het die lidmate van die nuwe verbond aangestel deur die bloed van die kruis waardeur Hy slegs die uitverkorenes verlos:

> *"Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis – waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het – uit elke volk, stam, geslag en taal húlle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is." (DL 2.8.)*

Christus het die nuwe verbond *bevestig* (Latyn: *confirmare*) deur sy bloed. Die Afrikaanse woord "bevestig" kan beteken: a) vasmaak b) bekragtig c) ja sê d) **plegtig tot lidmaat verklaar** of e) **plegtig in 'n amp stel**. Die Latynse woord wat in die oorspronklike teks van die Dordtse Leerreëls gebruik word, het dieselfde betekenisse, so ook die Engelse woord "confirm". Die laaste twee betekenisse is die algemene sin waarin die woord in kerklike taal gebruik word. (Vergelyk die "bevestiging" van predikante of kerkraadslede, of "bevestiging" van 'n huwelik.) Ons kan dus eweneens sê: Christus het deur die bloed van die kruis plegtig verklaar wie lidmate van die genadeverbond is. Of: Christus het deur die bloed van die kruis die lidmate van sy verbond vasgestel / aangestel. Of: Christus het deur die bloed van die kruis die lidmate van sy verbond plegtig in hulle amp gestel.

Hoe 'n mens ookal die woord 'bevestig' in die Dordtse Leerreëls verstaan, dit dui op die *oprigting* of *vasmaak* van die genadeverbond ... en dus ook die lede van die genadeverbond.

2. Die doel van die dood van Christus was om die lede van die genadeverbond daadwerklik aan te stel.

> *"Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit was nie die doel van die dood van Christus om die nuwe verbond van die genade werklik deur sy bloed te bevestig nie, maar slegs om vir die Vader die reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit. Die Sinode leer: Dit is in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Heb. 7:22) en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Heb. 9:15,17)." (DL 2.v.d. 2)*

Let daarop dat die ontkenning van 'n ontkenning 'n positiewe stelling daarstel. As ek sê: "Ek verwerp die dwaling van hulle wat leer dat een plus een nie twee is nie, maar dat dit afhang van die omstandighede..." dan stel ek as positiewe bewering dat een plus een twee is.

3. God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense op grond van die bemiddelende dood van Christus gesluit:

---

[1] Antoine Theron beplan om sy teologiese studies aan die Puritan Reformed Theological Seminary (Grand Rapids, MI, VSA) einde Oktober 2010 te voltooi en dan na Suid-Afrika terug te keer met die hoop om beroepbaar gestel te word in die GKSA.

> *"Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genadeverbond wat God die Vader met die mense deur die tussenkoms van Christus gesluit het, bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie..." (DL 2.v.d.4)*.

Die Afrikaanse woord "tussenkoms" beteken dieselfde as bemiddeling of inmenging om 'n geskil by te lê. Die oorspronklike Latynse teks van die Dordtse leerreëls bring die verband tussen die dood van Christus en die sluiting van die genadeverbond duidelik na vore. Die genadeverbond is met die mense gesluit per die bemiddeling/ versoening van die dood van Christus. Per beteken "op grond van", "as gevolg van", "vanweë" of "deur middel van".[2]

4. Die genadeverbond bestaan daarin dat ons voor God regverdig en salig gemaak word.[3]

5. Die gevolg daarvan om in die genade van die verbond opgeneem te wees, is dat mens van sondeskuld vry is. Dit is dus sinoniem met die staat van versoening:

> *"Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, **sodat** niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is." (DL 2.v.d.5)*

Hierdie eksplisiete stellings oor die genadeverbond wys dat die Dordtse leerreëls die tradisionele Gereformeerde verbondsiening bevestig, naamlik dat God sy genadeverbond oprig met Christus en in Hom met die uitverkore sondaars as sy saad.[4]

Nie net die uitdruklike stellings nie, maar ook die hele onderliggende skema van die Dordtse Leerreëls veronderstel die klassieke Gereformeerde leer van 'n onvoorwaardelike verbond van genade en versoening met Christus en sy uitverkorenes.

[2] Sien Simpson, A.M. 1959. *Cassell's Latin Dictionary.* London: Cassell.
[3] DL 2.v.d.4.
[4] Sien bv. Gal 3:16, Rom 5:15-21, Jes. 53:10-11.